# GEMEENTEBULLETIN

14 TOT 21 JULIE 2023

## SONDAG 16 JULIE 2023

Eredienste is ook aanlyn op www.stellenberg.co.za of op YouTube.

**Oggenddiens 09:00 in die kerk | 1 Samuel 1:9-19 | Ds. Potgieter 2**

## ’N VROUEOGGEND OP VROUEDAG

Ons nooi alle vrouens en meisies om aan te sluit by ons vroueoggend wat op 9 Augustus (Vrouedag) om 09:30 in die kleinsaal aangebied word. Kaartjies teen R200 elk sluit ontbyt, sap, tee en koffie in. Gasspreker: Alicia Buckle, eienaar van ’n bekende grimeerskool in die Paarl. Gaskunstenaars: Die Edna’s. Kaartjies te koop by Charlotte, 021 976 4519/charlotte@stellenberg.co.za.

## KOS-EN-KLEREPROJEK

Daar is ’n dringende behoefte aan komberse en wintersklere asook bydraes van niebederfbare kos vir die kosprojek. Gee bydraes asb. by die kerkkantoor af, of plaas dit in die mandjies in die voorportaal van die kerk. Finansiële bydraes: ABSA-tjekrekening
145 058 0011, takkode 632005. Verwysing KOSPROJEK.

## VATVYF–UITSTAPPIE

Op Woensdag 19 Julie besoek ons die argief van die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch. Ons vertrek om 09:00 van die kerk. Daar is nog vier plekke beskikbaar, kontak Charlotte by 021 976 4519 om plek te bespreek.

## FINANSIËLE BYDRAES

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening
145 058 0011,
takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### MICHANGE-KOEPONNE

Maak ’n verskil in iemand se lewe deur ’n Michange-koepon @ R50 by die kerkkantoor te koop en aan ’n hawelose persoon te skenk. Met dié koepon kan die ontvanger ’n ete, ’n warm stort, slaapplek en berading by enige MES-sentrum ontvang.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van:

- Johannes Petrus Christiaan de Villiers (02/09/1937 - 09/07/2023). Johannes was sedert 1976 'n lidmaat van die gemeente. Sy gedenkdiens is Saterdag 15 Julie om 14:00 in die kerk. Ons opregte meegevoel met sy twee seuns en kleinkinders wat hy agterlaat.
- Rita Eileen Grundlingh (10/12/1929 - 30/06/2023). Rita was sedert 2017 'n lidmaat van die gemeente en ook 'n inwoner van Edelweiss. Haar gedenkdiens was op 4 Julie. Ons opregte meegevoel met haar drie dogters en kleinkinders wat sy agterlaat.

## ELEKTRONIESE KOMMUNIKASIE

### E-posse

Indien jy die bulletin en Stellenberger elektronies wil ontvang, stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za.

### WhatsApp-groepe

Skandeer die onderstaande QR-kodes om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit en toegang tot gerieflike elektroniese kommunikasie te ontvang.

**Gemeente se WhatsApp-groepe**

**Jong volwassenes en studente**

**Annibrand Junior**

**Annibrand Senior**

SONSTRAAL-GEMEENTE

bied aan

Danskoors.

Kom sokkie en dans saam met DJ Wico.

21 Julie om 18:30
Curro Durbanville
(Mementorylaan)

R180 per persoon
Bespreek by
021 976 1236 of
kommunikasie
@sonstraal.org.za

Kaartjie sluit 'n burger in, bring eie drinkgoed.

EDELWEISS PANNEKOEK

Edelweiss bak op 28 Julie pannekoek. Plaas jou bestelling asb. voor 26 Julie by 021 976 1150 of stuur 'n e-pos na edelweissontvangs@gmail.com.

BREIGROEP

Die breigroep ontmoet op Maandag 7 Augustus om 09:30 in die markplein.

WOLSKENKINGS

Die breigroep benodig steeds wolskenkings. Enige bydraes van bruikbare wol sal baie waardeer word en kan by die kerkkantoor afgegee word.